

'N KURSORIESE BESINNING OOR "MENSEREGTE".^[1]

(Prof. dr. H.G. Stoker, P.U. vir C.H.O.)

[Bron: Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap, Jaargang 1, November 1965, nr 3, bl.131-144. Ook gepubliseer in: Stoker CD (VCHO) & *Oorsprong en Rigting*, deel 1. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1967. p. 113-123.]

(*"Voor de christen is de kwestie der mensenrechten een brandende probleem"* (Prof. dr. G.J.H. van der Molen in *Christelijke Encyclopedie*; J.H. Kok, Kampen; sub voce: *"Mensenrechten"*).

1. Oor die vraag wat "reg" en "regte" is heers onder (juis ook Calvinistiese) regsgeleerdes en regsfilosowe meningsverskil. Hierop gaan ek nie in nie. Die omskrywing van "reg" wat vir my tot dusver nog altyd die aanneemlikste (hoewel ook nie volkome bevredigend nie) was, is dat 'n reg 'n aanspraak is wat die mens op iets het. Dát die mens regte het, het ek nie betwyfel nie. Die probleme vir my is: wat is hierdie reg, wat hou dit in en op grond waarvan het die mens dit?

2. Die mens vorm self reg ("laws" en "rights"). Dit blyk o.a. uit kerkordes, staatswette en statute van verenigings (en selfs uit "usansies"). Die deur die mens gevormde reg word positiewe (of gepositiveerde) reg genoem. Die genoemde voorbeelde van positiewe reg mag wel norme ("laws") wees, maar hulle beliggaam ook regte (in die sin van "rights"). Laasgenoemdes word juridies onderskei in a. "kompetensie" (die reg om te handel), b. "subjektiewe reg" (die reg op iets) en c. "bevoegdheid" (die reg om met iets te handel). Die positiewe (d.w.s. deur die mens gevormde) reg behoort egter aan die Goddelike normatiewe wetsorde asook aan 'n ander "dieper reg" te beantwoord of mag ten minste nie daarmee in stryd wees nie. Die "dieper reg" (of "menseregte") waaroor ons ons wil besin, is nie norme nie, maar regte ("rights") in 'n ruime sin, wat "kompetensie", "subjektiewe reg" en "bevoegdheid" insluit, m.a.w. dit wat aan hulle gemeenskaplik is, saamvat.^[2]

Hierdie "dieper reg" noem ek liefs nie "natuurreg" nie, omdat die woord "natuurreg" veelsinnig is en veral omdat dit humanisties (in die reël liberalisties) opgevat word. Om dieselfde redes vermy ek ook die woord "aangebore menseregte". Dooyeweerd se benamings "regsbeginsels" en "regs-idee" het iets anders op die oog as wat ek met hierdie "dieper reg" bedoel. Hierdie "dieper reg" wil ek "basiese" of beter nog: "ontiese" reg noem. (Die "ontiese" beteken: die "synde"; "onties" is hiér dit wat met die menslike syn (of bestaan) gegee is).

Omdat die in die geskiedenis deur die mens gepositiveerde menseregte (soos bv. in die betrokke norme (“laws”) beliggaam) die ontiese menseregte onderstel en dikwels daarmee in stryd was^[3] en is, vorm die positiewe reg nie ’n kriterium vir die bepaling van ontiese menseregte nie, al mag dit in gevalle wel as aanleiding dien om ontiese menseregte te ontdek. Wie tog van die positiewe reg as sodanig uitgaan om sy opvatting van “menseregte” te bepaal, verval in ’n historisme wat reg uitsluitlik ’n historiese produk maak, reg histories relativer en daarmee in die grond van die saak reg nivelleer.

3. Die vrae aangaande menseregte veronderstel antwoorde op die vrae aangaande die mens en sy verhouding tot God; mens en “wêreld” (kosmos). Dit hou in dat opvatting aangaande menseregte in fundamentele sin medebepaal word deur die betrokke lewens- en wêreldbeskoulike asook teologiese, antropologiese en kosmologiese oortuigings.

Die gangbare opvatting van menseregte is humanisties. So word menseregte in fundamentele sin gefundeer, bv. in menslike behoeftes,^[4] in sy welsyn of gelukkigheid,⁴ in sy rede of wil, in sy selfverwesenliking ensovoorts, m.a.w. uitsluitlik in die mens, in sy mens-wees, in sy menslike outonomie en outarkie. En dan word in hierdie humanistiese sin van die “waardigheid” (“dignity”) van die mens gewag gemaak! Hierteenoor sal die Christen op grond van die openbaring van God in Sy Woord (aangaande Homself en aangaande Sy Verhouding tot alle dinge, wo. die mens) ’n insig in en begronding van ontiese menseregte moet vind, wat alle humanisme by die wortel afsny. Hy sal hulle “in U lig” moet ondersoek en leer ken. Ons sal dan ook nie van die “waardigheid” van die mens in humanistiese sin kan praat nie. Gods Woord spreek van die “kosbaarheid” van die mens in “Sy oë”, ’n kosbaarheid gegrond daarin dat die mens dienskneg van die Allerhoogste is, geskape as Sy beeld en gelykenis, die deur Hom geroepene.

Ontiese menseregte sou ek wil omskrywe as aansprake wat die mens het kragtens sy fundamenteel kreatuurlike mens-wees, kragtens sy kreatuurlike fundamentele aard, struktuur, funksies, take en bestemming. “Kreatuurlik” — om die onderskeid en verband van God as Skepper en van die mens as skepsel voorop te stel. Want God alleen het absolute en algenoegsame reg op alles wat Hy geskape het (insluitende die mens en al sy doen en late), terwyl ontiese menseregte geheel en al kreatuurlik en onselfgenoegsaam is, onderworpe aan die Goddelike wetsorde vir Sy hele skepping (wo. die mens). In hul diepste wortels is ontiese menseregte gunste, vergunnings, voorregte wat God met die skepping van die mens aan die mens geskenk het en wel vir ’n bepaalde doel aan hom geskenk het. Teenoor God kan die mens as mens geen enkele reg, geen enkele aanspraak laat geld nie. Sy regte as mens het hy geheel en al aan God alleen te danke, en geeneen daarvan dra ’n absolute karakter nie.

Elke mens het byvoorbeeld 'n ontiese reg op sy lewe,^[5] omdat dit in fundamentele sin deur God hom geskenk is (op grond waarvan moord van ander en selfmoord onties ongeoorloof is). Elke mens het onties reg op die eer van sy naam, omdat die mens as toerekenbare en verantwoordelike beeld van God geskape is^[6] (op grond waarvan eie ontoring van sy naam of belasting van die naam van 'n ander onregmatige daad is). Ontiese regte is egter nie net beperk tot enkelinge nie; ook menslike samelewingskringe het ontiese regte. So het bv. volgens sy kreatuurlike fundamentele aard, struktuur, funksies, taak en bestemming die kerk onties die reg om die evangelie te verkondig, het die staat onties die reg om tussen enkelinge, tussen enkelinge en samelewingskring en tussen samelewingskringe orde te reël en het in gesinsverband die ouers die ontiese reg om hul kinders te voed en op te voed en die kinders die ontiese reg om gevoed en opgevoed te word.

4. Die menslike persoon is 'n individueel-sosiale besonderheid. Hy is in fundamentele sin nie net 'n individu en ook nie net 'n sosiale wese nie, maar beide ineen. Die mensdom vorm 'n eenheid met 'n variasierike ontiese vervlegting van o.a. enkelinge en samelewingskringe en van samelewingskringe onderling. Die mensdom het as eenheid sy ontiese menseregte (iets wat tans in 'n bepaalde opsig weer duidelik word met die ontstaan van ekumenes^[7] op die onderskeie menslike lewensterreine met hul onderskeie ekumeniese roepings); 'n betrokke samelewingskring (bv. gesin, staat, kerk) het sy betrokke ontiese regte; en die mens as enkeling het sy betrokke regte;^[8] en al hierdie onderskeie ontiese regte hang saam.

Die eerste fout van die gangbare opvatting van menseregte is, soos reeds vermeld, dat dit humanisties is. Die tweede fout daarvan is dat dit vir die hierbo aangeduide (samehangende) verskeidenheid van die mensdom en daarmee vir die volle (samehangende) verskeidenheid van ontiese menseregte geen oog het nie. Die liberalistiese opvatting van menseregte is in fundamentele sin individualisties. Hiervolgens is bv. elk van die samelewingskringe soos huwelik, gesin, volk, staat, kerk ensovoorts 'n "insidentele" vereniging van individue. Met hierdie kyk op menseregte word die regte van die individu oorspan en verdwyn die regte van die samelewingskringe as sodanig uit die oog. Maar al is die gangbare opvatting van menseregte oorwegend liberalisties, tref ons tog ook totalitaristiese ("universalistiese" of "sosialistiese") opvattinge van menseregte aan. Ook hulle eerste fout is dat dit humanisties is. Hul tweede fout is dat hulle in fundamentele sin menseregte in 'n betrokke menslike samelewingskring fundeer (bv. die nasionaal-sosialisme in die deur bloed en bodem bepaalde Germaanse volk; die fascisme in 'n eties gefundeerde staat; en die kommunisme in 'n ekonomisties bepaalde arbeidersmaatskappy). Met hierdie kyk op menseregte word weer die regte van die betrokke samelewingskring oorspan en verdwyn in fundamentele sin die regte van die betrokke ander

samelewingskringe asook van die enkeling uit die oog. Teenoor die liberalistiese en die totalitaristiese opvattinge van menseregte sal die Christen op grond van die lig van Gods Woord op die mens die volle verskeidenheid maar ook die onderlinge samehang van regte van enkelinge en samelewingskringe eerbiedig.^[9]

5. Volgens die humanistiese (wo. liberalistiese en totalitaristiese) opvattinge van menseregte beskik die mens (die enkeling of die betrokke samelewingskring) volgens eie welbehag en goeiddunke asook eie outonomie en outarkie geheel en al oor hierdie regte. Vanuit Christelike oogpunt moet dit om verskillende redes bestry word.

a. God alleen beskik volgens Sy welbehag in absolute sin oor die mens en sy kreatuurlike regte.

b. God het aan die mens sy *ontiese moontlikhede* geskenk, bv. om oor die natuur te heers, kultuur te skep, vir homself en sy naaste in liefde te sorg, God te dien, te eer en verheerlik en om met al hierdie moontlikhede (reg verstaan:), as kreatuurlike mede-arbeider van God, en onder Sy leiding en bestiering, die bestemming nie net van die mens nie, maar dié van die hele skepping te verwerklik en sodoende as verantwoordelike middele in Gods hand op kreatuurlike wyse tot die verwesenliking van Sy raadsplan by te dra. Hierdie moontlikhede (die mens met sy mens-wees, met sy kreatuurlike aard, struktuur, funksies, take en bestemming geskenk) het God die mens *nie verniet, nie tevergeefs*, geskenk nie. Hierdie ontiese moontlikhede stel aan die mens sy van God gegewe *opdragte, sy roeping*. Roepingsvervulling is 'n plig wat God aan die mens stel. M.a.w. met sy ontiese moontlikhede is die mens onties sy *pligte* gestel. Om hierdie pligte te kan vervul, skenk (vergun) God die mens sy kreatuurlike ontiese regte. 'n Plig stel die mens wat hy behoort te doen.^[10] Ontiese menseregte wortel aldus in ontiese pligte van die mens en wel in fundamentele sin teenoor God. Ontiese menseregte is voorregte die mens van Godswêre vergun om te doen wat hy behoort te doen. Die mens beskik nie volgens sy menslike welbehag en goeiddunke, outonoom en outarkies oor sy ontiese regte nie. Hy mag hierdie regte slegs uitoefen kragtens en ooreenkomstig sy roepingsplig; en omdat pligte behorensiese is, behóort hy hierdie regte uit te oefen slegs soos deur die ontiese pligte bepaal. Ontneem die ontiese reg (m.a.w. dit wat hy mág doen, waarop hy aanspraak het) sy ontiese fundering in plig (dit wat hy behóort te doen), dan vernietig u die reg as sodanig. So wortel bv. die ontiese reg (en dit is 'n wonderlike voorreg) van die ouers om hul kinders te voed en op te voed in die (met die kreatuurlike gesinstruktuur en gesinsbestemming gegewe) verpligtende moontlikhede, d.w.s. in die ouerlike roepingsplig tot voeding en opvoeding van hul kinders.^[11] In die uitoefening van sy ontiese regte geld vir die mens dat hy 'n reg het omdat hy onties 'n plig het.

c. God het vir Sy hele skepping 'n wetsorde gestel, wo. vir die mens en al sy doen en late 'n normatiewe wetsorde¹⁰ (godsdienstige gebooe en kultuurnorme). Alle uitoefening van ontiese menseregte behoort aan hierdie normatiewe wetsorde te beantwoord en mag nie daarmee in stryd wees nie. Die mens behoort sy ontiese regte uit te oefen nie net volgens die onties gegewe pligte (wat stel wat hy behoort te doen) nie, maar hy behoort hulle bowendien uit te oefen volgens die Goddelike, normatiewe wetsorde (wat stel hóé hy dit behoort te doen). Van eie “welbehae” en “outonomie” is hier geen sprake nie. Met die wetsorde van God is meteen die eise van geregtigheid en regverdigheid gegee.^[12]

In beide opsigte (die ontiese fundering van reg in plig en die onderworpenheid van uitoefening van menseregte aan die normatiewe wetsorde van God) is 'n ontiese mensereg 'n ontiese aanspraak wat die mens het om te doen wát hy behóórt te doen en om dit só te doen sóós hy dit behóórt te doen. Hiér geld van menseregte: “Ek behóórt dit te doen, daarom mág ek dit doen”.

6. Hiérdie aanspraak, om ménslike aanspraak te wees, onderstel

a. dat die mens geen outomaton is nie, maar 'n moontlikheid van keuse het^[13] en gevolglik in die uitoefening van sy ontiese regte aanspreeklik, d.w.s. toerekenbaar is en van hom daarvoor rekenskap geverg kan word;

b. dat, waar sy regte onties in pligte gefundeer is en waar hy aan die Goddelike wetsorde onderworpe is, hy bowendien vir die uitoefening van sy ontiese regte (in fundamentele sin aan God) verantwoordelik is,¹³ tot verantwoording geroep kan word en by onregmatige handelings in ontiese sin skuldig en veroordeel staan — en straf verdien;

c. en dat hy tot vryheid¹³ (natuurbeheersing, kultuurskepping, sorgende liefde vir sy naaste en homself en diens van God) bestem is, iets wat hy nie kan aktualiseer nie tensy hy met sy uitoefening van sy ontiese regte doen wat hy behoort te doen en dit so doen soos hy dit behoort te doen.

7. Deur hul verbondenheid aan die kreatuurlike mens-wees, aan die kreatuurlike fundamentele aard, struktuur, funksies, take en bestemming van die mens, is ontiese mense-regte vas; “vas” volgens sy kreatuurlike aard en bestemming. (Ek verkies “vas” bo “staties”, omdat die “statiese” nog onder die “dinamiese” ressorteer). Maar dit mag ons oog nie sluit vir die dinamiese kant van ontiese menseregte nie.

a. Ontiese menseregte is voorwaarde van vrye roepingsvervulling.

b. Ontiese menseregte vorm (naas die Goddelike wetsorde) die prinsipiële grondslag of basis vir die (historiese) vorming of positivering van die reg.

c. Die moontlikheid van uitoefening van ontiese mense-regte ontwikkel histories. Wat ek hiermee bedoel, wil ek as volg illustreer. As ons vergelyk wat die moontlikheid van uitoefening van die ontiese reg om kinders op te voed by 'n kultureel laag ontwikkelde volk^[14] “inhou” of “omvat” met wat dit “inhou” of “omvat” by 'n kultureel hoog ontwikkelde volk, dan is wel die ontiese reg van opvoeding dieselfde (“vas”), maar die verskil in “inhoud” of “omvang” is aan historiese voortgang te danke. Ek meen dat dit mutatis mutandis vir alle ontiese menseregte geld.

d. Ook die menslike kennis het 'n geskiedenis en hieronder val ook sy kennis van ontiese menseregte. Dit is wel waar dat God in sy Woord ons ontiese menseregte openbaar. Maar dit is ook waar dat die mens met die voortgang van die geskiedenis in latere tye ontiese menseregte ontdek, wat hy in vroeëre tye nié of nie só ingesien het nie. Trouens, daar is reeds 'n openbaringsgeskiedenis in die Woord van God, wat sy kulminasie vind in die koms, woorde en daade van Jesus Christus. Menslike kennis van ontiese menseregte het 'n geskiedenis. Dat dit “in U lig” behoort te geskied, spreek vir ons vanself. As voorbeeld van hierdie geskiedenis wil ek verwys na vroeëre en huidige opvattinge (juis ook onder Christene) aangaande die instelling van slawerny en aangaande die vrou en haar plek in die samelewing.

e. Wat my in die geskiedenis so geweldig boei (nieteenstaande en juis kragtens die bestiering van God), is die kontingente karakter van die geskiedenis: daar is 'n tyd om dit te doen en 'n tyd om dat te doen; elke mens (ja elke ding) het sy tyd; let op die tekens van die tye; wat jou hand vind om te doen, doen dit met alle mag; en waar konflik van pligte bestaan, doen dit wat swaarste weeg. Dit beteken dat met die uitoefening van ontiese menseregte tye, omstandighede, situasies en toestande in aanmerking geneem behoort te word, en dat van die ryke verskeidenheid van (samehangende) ontiese menseregte nou hierdies en dan daardies besondere beklemtoning vereis, al na gelang van wat die mens se hand vind om te doen. God spreek tot die mens ook deur die roepstem van die geskiedenis, deur die tekens van die tye. Daar is bv. 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek. Seksuele voorligting aan kinders behoort met die ouderdom en bevattingsvermoë van die betrokke kind rekening te hou. Ontydse selfstandigmaking van onvolwasse Afrika-volke hou geen rekening met die kontingente vereistes van uitoefening van ontiese menseregte nie. Ensovoort.

f. Ek glo nie dat met die voortgang van die geskiedenis nuwe ontiese menseregte gevorm of geskep word nie. Want hulle is kreatuurlik “vas”. Alle kreatuurlike ontiese menseregte is reeds met die skepping van die mens en sy ontiese moontlikhede gegee. Wat wel moontlik is, is dat met die opeenvolgende take (in die voortgang van die geskiedenis) onder die bestiering van God aan die mens met sy moontlikhede gestel 'n toenemende differensiasie van ontiese menseregte mag

ontstaan. As voorbeeld wys ons net op die ontiese mensereg om kennis te vorm en mee te deel, soos bv. gegee met onderwysing (in al sy fasette), prediking, publikasie (in al sy fasette, wo. die huidige pers met sy nuusberigte), kulturele (wo. politieke) vergaderings (in al hul onderskeie vorms) ensovoort, en wel soos met die voortgang van die geskiedenis deur die tekens (d.w.s. eise) van die tye vereis.

8. Met al die bostaande as agtergrond kom die vraag op: wat is die onderskeie ontiese menseregte? As mens sou opsom wat o.a. Locke, Wolff, Rousseau, Maritain en wat die Amerikaanse *Deklarasie van Onafhanklikheid* (1776), die Franse *Deklarasie van die Regte van die Mens* (1789) en die V.V.O. se *Universele Deklarasie van Menseregte* (1948) as menseregte beskou,^[15] sou mens omtrent 30 positief en omtrent 20 negatief geformuleerde menseregte kon onderskei. Afgesien van die humanistiese (en oorwegend liberalistiese resp. individualistiese) karakter daarvan, kan egter lang nie almal as ontiese menseregte beskou word nie.

Neem bv. die sg. reg van die enkeling om aan die regering deel te neem, of soos ek dit ook al geformuleer gesien het: “stemreg is ’n aangebore mensereg”. Dat hierdie (op liberalisties-demokratiese staatsbeskouing gebaseerde) “reg” geen ontiese mensereg is nie, blyk eerstens daaruit dat staatsvorme (bv. die patriargale staat, die feodale staat, die stande-staat, die monargie, die demokrasie, die korporatiewe staat ens.) met die tye gewissel het en ook in die toekoms sal wissel, en tweedens daaruit dat staatsgesag^[16] nie sy oorsprong in die enkeling (die staatsonderdaan) het nie, maar in die kreatuurlike struktuur van die staat as sodanig gegrond is en dat dit sy oorsprong vind in God namens wie die owerheid regeer (of soos dit soms geformuleer word: dat owerheidsgesag ’n van Gods gesag afgeleide gesag is, en dus “van bo” en nie “van onder” kom nie).

Maar (en hier het Calvyn reg gesien, al het hy die te noeme “beïnvloeding” in die kader van sy tydsomstandighede geformuleer), die enkeling of betrokke samelewingskring het (weens sy toerekenbaarheid en verantwoordelikheid — fundamentalitêr teenoor God) wel die reg om die owerheid te beïnvloed, en waar die owerheid onregmatig handel (ontiese menseregte krenk), selfs die reg van verset.¹⁶ Of neem die sg. reg van dieselfde loon vir dieselfde arbeid. Hier geld eerder dat die arbeider (nie die arbeid nie) sy loon werd is, d.w.s. reg op loon het; arbeid is geen koopwaar nie.

’n Ander vraag is of ’n betrokke ontiese reg in enige sin opgevat mag word en onbeperk sal geld. Neem bv. die reg van die mens om volgens sy gewete te handel (gewoonlik geformuleer as reg op gewetensvryheid). Ons het hier ongetwyfeld met ’n ontiese mensereg te doen. Maar geld hierdie reg vir die gewete van ’n kommunist wat met rewolusionêre geweld die huidige orde in ons

land wil omvergooi? (Selfs liberaliste gun ons nie die reg om volgens ons gewete hier 'n orde uit te bou volgens die beleid van gedifferensieerde ontwikkeling nie). Ek stel net die probleem. Van belang is die klem wat met die gangbare humanistiese opvatting van menseregte gelê word op gelyke regte vir alle mense (voor die hof, met die deelname aan die regering, op arbeid, op vrywillige huweliksluiting, op oortuiging en propaganda daarvan ens.). Dat daar gelyke ontiese regte vir alle mense is (maar dan nie humanisties opgevat nie), spreek vanself. Maar is daar nie ook ongelyke^[17] ontiese regte nie, soos gegee nie net met die verskil van kind en volwassene nie, maar ook met die verskil tussen man en vrou, tussen enkeling en samelewingskring, tussen samelewingskring en samelewingskring en tussen gesaghebber en gesagsonderdaan nie? Is alle ontiese menseregte ewe fundamenteel of vorm hulle onties 'n bepaalde rangorde van meer en minder fundamenteel?^[18] Is bv. die reg van die arbeider op sy loon net so fundamenteel as sy reg op sy lewe?

Dit is ondoenlik om hier al die beweerde “menseregte” krities te behandel en om 'n lys van ontiese menseregte (“in U lig” verstaan) te probeer saamstel. Trouens, in hierdie opsig (asook m.b.t. die ander vraagstukke in hierdie besinning aangesny, asook m.b.t. probleme nie onder oë gesien nie) lê vir die Christenvorsers (teoloog, wysgeer, antropoloog, regsgeleerde, regsfilosoof, sosioloog, opvoedkundige ens.) 'n geweldige veld van ondersoek braak. Die Christenvorsers het nog so *min* 1 daaraan gedoen. Van al die vraagstukke wil ons op nog net een die aandag vestig.

9. Hierbo is gewag gemaak van negatiewe formuleringe van menseregte. Hieronder val bv. afwysing van moord, slawerny, marteling, belastering, uitbuiting ensovoort. Uit die aard van die saak is negatiewe bepalings van menseregte gegrond op positiewe bepalings daarvan. Ons verwys hierna egter slegs as aanleiding om die aandag te vestig op die met die sondeval gegewe bedorwenheid van die mens en die daarmee gegewe verskeurdheid van die onderlinge verhoudings en noodsaaklike stryd (wat Augustinus in fundamentele sin sien as die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis), 'n stryd wat plaasvind in die hart van elke mens, tussen mens en mens, in elke samelewingskring, tussen enkeling en samelewingskring en tussen samelewingskring en samelewingskring.

Dit stel die vraagstuk van ontiese menseregte in skerpe nuwe lig, nie alleen wat betref die stryd van die onderling botsende opvattinge van menseregte nie, en ook nie net wat die gevaar van foutiewe eie sienings aangaande ontiese menseregte betref nie, maar veral ook betreffende die konflik waarvoor die mens (die enkele mens, maar ook die samelewingskringe) te staan kom, nl. om in eie verskeurdheid en in gegewe verskeurde omstandighede (of situasie) en gegewe verskeurde tydsgewrig tussen ontiese menseregte (en die betrokke uitoefening daarvan) te kies,

'n keuse waarby noodwendig aan 'n bepaalde ontiese mensereg ten behoewe van 'n ander te kort gedoen word. In dergelike konfliktsituasies (waarop ons nie in besonderhede ingaan nie) behoort te geld dat wat “in U lig” die swaarste weeg, die swaarste sal weeg.^[19]

10. Van die gebrekkige van hierdie besinning en ook daarvan dat talle van probleme i.v.m. menseregte (wo. die van amp en reg) nie aangeraak is nie, is ek ten volle bewus. Maar (met instemming met die aan die begin gegewe aanhaling van Van der Molen, wat m.i. in haar eie beskouing van menseregte hierdie regte nog te veel net aan die enkeling koppel) was die bedoeling van hierdie besinning slegs om die probleem van menseregte (“in U lig” gesien) oriënterend te stel. En al meen ek dat ook die Christen heelhartig “menseregte” mag aanvaar^[20], is hier tog 'n waarskuwing nie onvanpas nie. Omdat die uitdrukking “menseregte” vandag hoofsaaklik in humanistiese (en veral liberalistiese) sin verstaan word, behoort óns — om nie misverstaan te word nie en die juiste invloed uit te oefen — die aandag eerder op ontiese (kreatuurlik gegewe) mensepligte te vestig, omdat hulle as grondslag van ontiese menseregte dien.

Ten slotte, gedagtig daaraan dat die positiewe reg (naas die Goddelike normatiewe wetsorde ook) ontiese menseregte onderstel, daaraan behoort te beantwoord en ten minste nie daarmee in stryd behoort te wees nie, is 'n indringende en ekstensiewe studie van ontiese menseregte (naas dié van die Goddelike normatiewe wetsorde) “in U lig” vir die Christen 'n sine qua non vir sy toerekenbare en verantwoordelike vorming (positivering) van reg én vir 'n kritiese beoordeling van die gevormde (gepositiveerde) reg waaronder hy hom bevind en wat dus vir hom (en sy doen en late) geld. Dit is vir die Christen 'n gewetensaak.

^[1] Geskryf na aanleiding van die belangwekkende artikel van J.D. van der Vyver in die *S.A.V.C.W.-Bulletin*, no. 1 en van die interessante S.A.U.K.-diskussie (19.9.1965) tussen prof. A.H. Murray, prof. G. Cronje, mnr. J.D. van der Vyver en ds. W.J. de Klerk oor menseregte.

^[2] Vir die positiewe reg is die onderskeiding in juridiese sin van kompetensie, subjektiewe reg en bevoegdheid noodsaaklik. Maar wysgerig is 'n ruime begrip van reg en regte nodig wat aan die genoemde juridiese differensiasie ten grondslag lê.

^[3] Die positiewe reg het in gevalle bv. veelwywery en kultusmoord as geldig erken. Maar daar bestaan geen ontiese reg vir veelwywery en kultusmoord nie, inteendeel.

^[4] Die term “behoefte” is bowendien ongepresieerd en vaag ('n mens sou selfs 'n behoefte kon voel om hom op 'n persoon te wreek of om egbreuk te pleeg of om hom dronk te drink); ook is die fundering van menseregte in “behoefte” psigologisties. Die terme “welsyn” en “gelukkigheid” is

bowendien veelsinnig (vgl. die onderskeid van stoflike, ekonomiese, liggaamlike siels- of geestelike, gedifferensieerd kulturele en religieuse welsyn of gelukkigheid); ook kan “welsyn” en “gelukkigheid” nie regstreeks nagejaag word nie, want dit kom in sy eintlike sin slegs indirek tot stand as gevolg van die doen van wat gedoen behoort te word en van die doen daarvan soos dit gedoen behoort te word.

[5] Om bepaalde redes word juridies in die positiewe reg die “reg op lewe” omskrywe as die “reg op die integriteit van jou liggaam”.

[6] Vgl. my artikel in die feesbundel van prof. dr. C.K. Oberholzer: *Homo Viator*, H.A.U.M., Kaapstad, 1965 – 3.19.

[7] Vgl. my brosjure: *Hoe is ons roeping wêreldwyd?*; Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1963 – 1.14.6.

[8] As ek in die vervolg van ontiese regte van die mens praat, bedoel ek dié van die mens as enkeling, van die onderskeie samelewingskringe en van die mensdom — en wel in hul samehangende verskeidenheid.

[9] In hierdie verband mag gewys word na die ontiese reg van die enkeling om volgens sy gewete te handel (gewoonlik die reg op gewetensvryheid genoem) en na die ontiese reg van “soewereiniteit in eie kring” (of “vryheid in eie bevoegdheid”) van ’n betrokke samelewingskring. Die Christen sal naas die gelykheid van alle mense (en dus gelyke menseregte) ook die ongelykheid (fundamentele verskeidenheid) van bv. man en vrou, volwasse en onvolwassene, gesaghebber en gesagsonderdaan en van bv. kerk, staat en gesin (en daarvolgens gedifferensieerde menseregte) eerbiedig, en alle gelykmaking wat hierdie differensiasie van menseregte nivelleer (soos bv. die humanisme dit op verskillende wyses doen), bestry. (*Interessant* is die vraag of en in hoever ons rassebeleid van gedifferensieerde ontwikkeling van volke geregverdig kan word deur ’n beroep op ’n differensiasie van menseregte “in U lig” gesien.) Om *negatief* menseregte te beperk deur te stel dat dit die regte van die enkeling nie ongebonde is nie, omdat die regte van ’n ander ook eerbiedig behoort te word, is m.i. kunsmatig. Die verskeidenheid van enkelinge en van samelewingskringe hang op *positiewe* wyse saam en die verhouding (samehang) van al die onderskeie menseregte behoort positief gestel te word op grond van die gegewe samehang. Want weens die samehang (positiewe verbondenheid) van enkelinge en van samelewingskringe, komplementeer die een die ander, het die een die ander nodig en staan die een tot die ander in ’n sorg-, resp. diensverhouding. *Mutatis mutandis* geld dit op *positiewe* wyse juis ook vir die onderlinge verhoudings van ontiese menseregte. (Vgl. ook opmerking 17).

[10] Die huidige humanis het in die reël ’n teësin teen plig (terwyl die vroeëre humanis, vgl. bv. Kant, plig humanisties verheerlik het). Onthou moet word hoe liefde en plig saamhang; dat waar liefde en plig geskei word, plig as hard, rigories, van buite af opgelê en as onaangenaam ervaar

word; maar dat waar liefde vir plig gloei (bv. die liefde van 'n moeder vir haar siek kind of dié van 'n navorser vir die probleme wat hy ondersoek), plig as vanselfsprekend ervaar word en geen opoffering te groot geag word nie. Die mens staan onties ánder pligte. 'n Plig is wat die mens behóórt te doen; dit is 'n behorensis. Onderskei moet word algemene behorensis (pligte) deur norme gestel én kontingente behorensis (pligte) gestel deur wat die mens se hand (in bepaalde omstandighede en in 'n bepaalde tydsgewrig) vind om te doen. Want ook jou geleentheid word jou nie verniet geskenk nie; vanuit die omstandighede (of situasie) in 'n bepaalde tydsgewrig kom daar tot die mens 'n deontiese (verpligtende) “roep” om te doen wat sy hand vind om te doen.

[11] So het ek bv. 'n ontiese reg om God te dien; geen mens mag my my uitoefening van hierdie reg ontnem nie. Want die reg om God te dien wortel in die deur God geskenkte ontiese en my *verpligtende* moontlikheid om Hom te dien.

[12] “Geregtigheid” is 'n algemene eis volgens wat Calvyn “die orde van skepping” noem; dit geld vir die mens in sy kreatuurlikheid as sodanig. “Regverdigheid” is 'n algemene eis volgens wat Calvyn “die orde van sondeval en verlossing” noem; dit geld vir die in sonde gevalle mens.

[13] Vgl. o.a. my artikels in *Festschrift* — H.J. de Vleeschouwer (UNISA, 1960) – 3.17 – en in *Koers*, XXXI, 7/8 – 4.2.53 – en 9 – 4.2.54. Dikwels word die menslike moontlikheid van keuse foutiewelik as vryheid opgevat, en dan die reg op vryheid opgevat as 'n reg van keuse volgens eie welbehag en outonomie. Dit is louter humanisme. Die reg op vryheid onderstel die moontlikheid van keuse, maar is slegs 'n reg om te doen wat jy behoort te doen en om dit so te doen soos jy dit behoort te doen. Interessant is hier die vervlegting van die mens *kan*, die mens *mag* en die mens *behoort* te handel.

[14] Ek vermy liefs die ewolusionisties gelaaide term “primitiewe volke”.

[15] Vgl. die artikel van J.D. van der Vyver in die *S.A.V.C.W.-Bulletin*, no.1; hoofstuk IX, parr. 1-3 van die werk van J.P. Verloren van Themat, nl. *Staatsreg*, Butterworth & Co. Durban, 1965; en *United Nations — The Universal Declaration of Human Rights*.

[16] Vgl. oor gesag en reg van verzet my S.A.U.K.-praatjies: *Praktiese Calvinisme; Pro Rege-Pers Bpk.*, Potchefstroom, 1956 – 1.11 –. Interessant is die vraagstuk i.s. die verhouding van reg op gesag by die gesaghebber en reg van gehoorsaamheid aan gesag by die gesagsonderdaan; i.s. die hiermee gegewe verhouding van vryheid en gesag; en i.s. reg van verzet. Want die gesagsverhouding is 'n kreatuurlik strukturele bepaaldheid van 'n samelewingskring (soos bv. 'n huwelik, 'n gesin, 'n staat, 'n kerk ens., elk met sy bepaalde gesagsaard en gesagrelasie).

[17] Vgl. opm. 9). In bv. 'n huwelik het die vrou reg op moederskap, die man nie. As die man weier om aan die begeerte van die vrou te voldoen om kinders te kry, doen hy aan haar en aan die huwelik onreg. Ongelyke menseregte bestaan nie in isolasie nie, maar hang saam; ook hang gelyke en ongelyke menseregte saam.

[18] “Fundamenteel” word hier nie in absolute sin nie, maar in relasionele sin bedoel.

[\[19\]](#) Die bepaling van wat in gegewe omstandighede in 'n gegewe tydsgewrig “die swaarste weeg” is nog 'n verdere deontiese (verpligtende) bepaling van die uitoefening van menseregte naas die worteling van ontiese menseregte in onties gegewe pligte, naas die onderworpenheid aan die wetsorde van God en naas die betrokke eise van tyd.

[\[20\]](#) Th. Beza (bekende Calvinistiese hervormer en teoloog; 1519-1605 n.C.) het reeds van menseregte gewag gemaak. Trouens, selfs die stryd van die Reformasie teen die leke-posisie van die gewone lidmaat in die Rooms-Katolieke Kerk en die stryd vir die erkenning van sy persoonlike mondige verantwoordelikheid teenoor God, ook in Kerkverband — was in die grond van die saak 'n stryd om 'n ontiese mensereg.